



## Die Boom, die Buurman en Ek

Hallo julle, ek wil bietjie my saak voor die volk sit. Kom ons hoor wat julle dink. Laat weet of ek die kat aan die verkeerde kant beet het en of daar meriete is in my saak.
2013 gaan kuier kamermaatjie in Hermanus.
Ek bly agter in Doha terwyl Skuurgat aan die Suidpunt van Afrika gaan inloer by ŉ ou skoolvriendin.
En daar kom die oproep. Sy is vasbeslote dat ons eendag moet aftree in hierdie speelplek van die walvisse en rykes.
Nou kyk, ek was daar gedurende my studentedae en weet die plek is baie vêr bokant ons skatkis se vermoë.
Maar ek speel maar saam en stel haar toe die onmoontlike voorwaarde om vir ons 'n plekkie te soek waar mens beide die see en die berg kan sien. Saak onmoontlik. Ek verduidelik dat as mens daar op plat aarde koop tussen sement mure, dan kan ons beter doen in Brackenfell (Niks teen Brackenfell nie hoor!)
Die volgende dag bel sy. Het hom! Binne ons begroting. Weer leer ek, moet nooit hierdie meisie onderskat nie, veral as sy haar hart op 'n ding gesit het nie!
Met aftrede het als aanvanklik goed verloop. Terwyl ek nog op die trustees van die kompleks was, kon ek maklik reël dat die boompie voor ons eenheid gereeld gesnoei word en sodoende ons hele uitsig bewaar. So paar jaar terug staan ek buite en gesels met my nuwe buurman. Die onderhouds-nutsman kom verby en ek vra hom om sommer weer die boom by te kom met die snoeiskêr. Groot fout!
"Jy durf nie daai boom sny nie!" kom die buurman my by. "Sê wie?" kap ek terug. En net daar is dit sonde met die bure! Hy skryf toe sommer ook vir die nuwe trustees en hulle stem toe nog saam met hom ook. Net daar verloor ons toe omtrent vyftig persent van ons pragtige see uitsig. Nou vertel mense my mens kan nie 'n uitsig koop nie. Vra ek julle met trane in my navyblou ogies, wat staan my nou te doen?
Ek het intussen onder die radar in beweeg en by 'n afgetrede boer pêl van my 'n bietjie Roundup plantgif gekry. Bevat glo Glisofaat, dodelik vir bome.
Ek wag nou net vir nog 'n goeie maansverduistering….



# DIE VERHAAL VAN SARIE MARAIS








Ingestuur deur Pikke Siebrits

## Susara Margaretha (Sarie) Maré

Die eerste dogter van Jacob Philippus Maré en Cornelia Susanna Jacoba Erasmus was Susara Margaretha. Sy is op die plaas Eendraght, Suikerbosrand, distrik Heidelberg, gebore op 15 April 1869. Haar pa was Jacob Maré, wat later 'n lid van die uitvoerende raad van die Transvaal geword en na wie 'n straat in Pretoria genoem is.

Hierdie is dié Sarie Marais (eintlik Maré) wat in die wyk van die Mooirivier gewoon het, ook bekend as Tant Mossie, volgens die SA biblioteek se katalogus-inskrywing AP.1998-227.

Haar ouers was Voortrekkers, en het hulle in die omgewing van die Suikerbosrand gevestig. Die dorpie Heidelberg het toe nog nie bestaan nie. Die grootste konsentrasie Voortrekkers het hulle in die wyk Mooirivier bevind, waar die dorp Potchefstroom aangelê is.
In hierdie tyd was daar vyf wyke in Transvaal:
Mooirivier (Potchefstroom)
Magaliesburg (Rustenburg)
Marico (Zeerust)
Ohrigstad
Zoutpansberg (Pietersburg).

Suikerbosrand was in die wyk van Mooirivier geleë, wat gestrek het vanaf Potchefstroom tot die huidige Wolmaransstad en Makwassie.
Toe sy 16 jaar oud was, het sy vir Jacobus Petrus Toerien, 'n verslaggewer van Di Patriot van die Paarl, ontmoet. (Hy was toe in Pretoria om 'n onderhoud met haar pa te voer). Hy het onder die skuilnaam Jepete in "Ons Kleintje" geskrywe in sy hoedanigheid as subredakteur van "Di Patriot".

Hulle is getroud en het 16 kinders gehad, van wie net 8 grootgeword het.
Hy het by Amerikaners wat in Transvaalse myne gewerk het die liedjie Sweet Ellie Rhee gehoor, wat sy oorsprong in die Amerikaanse Burgeroorlog gehad het en deur Septimus Winner (Alice Hawthorne) geskryf is. Jepete het die woorde vertaal en só sy vrou, Sarie Maré, verewig. Die lied het ook nie aanvanklik al die versies en presies dieselfde woorde gehad het as wat ons vandag ken nie.
Maré het later weens 'n drukfout Marais geword.



## Waar Sarie Marais oral draai...


Teen 1899 was Sarie Marais reeds 'n treffer in Pretoria. In die Anglo-Boereoorlog het dit nie net gewild by die Boeremag geword nie, maar ook by ander soldate. Dit het later wêreldbekend geword omdat duisende Suid-Afrikaanse soldate dit in die Eerste en Tweede Wêreldoorlog gesing het.
Die gewildheid het het só gegroei dat die Britse Royal Marines dit as regimentsmars aangeneem het. Hul opleidingskip heet ook Sarie Marais. Dit is ook die regimentsmars van Paraguay se seinerskorps.
Die eerste Suid-Afrikaanse seiljag se naam was ook Sarie Marais en duisende besoekers het al in die Durban-hawe op die Sarie Marais-plesierboot gevaar.
Die eerste Suid-Afrikaanse rolprent se naam was Sarie Marais. Sarie, sustertydskrif van Die Volksblad, heet ook na haar. Tot hotels en woonstelblokke is na haar genoem.
Op die eerste internasionale radio-uitsending tussen Suid-Afrika, Brittanje en Amerika op die verjaardag van mev. Isie Smuts, vrou van die destydse premier, generaal Jan Smuts, het die sangeres Gracie Fields Sarie Marais gesing.
In die Tweede Wêreldoorlog het 'n buitestasie van soldate in Noord-Afrika die naam "Sarie Marais Calling" gehad.
Die Suid-Afrikaanse weermag is steeds lief om die mars op parades te speel, terwyl die Franse Vreemdelinge-legioen dit ook gebruik.
Dit is ook die amptelike lied van die Girl Guides in Sri Lanka (Ceylon) wat dit aan die begin van die vorige eeu by die Boerekrygsgevangenes daar gehoor het.
In die jare dertig van die vorige eeu is dit verkeerdelik op die Olimpiese Spele in Amerika as Suid-Afrika se amptelike volkslied gespeel.
Duitsers het 'n pienk roos met die naam Sarie Marais gekweek, waarvan voor die Pantserskool in Tempe, Bloemfontein, geplant is.

Sarie se Laaste Jare


Sarie was 'n diep godsdienstige vrou en selfverheerliking was totaal in stryd met haar nederige geaardheid. Sy het altyd haar verbintenis met die liedjie stilgehou. Na Jacobus se dood in 1920 het sy haar by haar dogters in Bloemfontein gaan vestig. Sarie is op 22 Desember 1939 op die ouderdom van 73 jaar in armoede oorlede en in 'n nederige ongemerkte graf in die Memoriam-begraafplaas naby die Vrouemonument begrawe.

Deur Abrahams se toedoen is op 10 Oktober 1995 'n pragtige grafsteen opgesit vir die vrou wie se naam nog deur die wêreld gehoor word. 'n Doringboom is ook op die graf geplant om mense te herinner dat Sarie eens op 'n tyd langs so 'n boom daar onder by die mielies aan die Mooirivier gewoon het.









# BOERSEUN SE BRIEFIE

Liewe Pa

Ek hoop dinge gaan beter daar bo in die hemel want hier onder gaan dit deesdae maar baie snaaks. Vreemd, Pa. Pa sal nie daarvan hou nie. Sondae tien uur soggens  is daar meer mense in die apteek, so groot soos die groentemark in die Kaap, as wat in die kerk is. Dis katedraal Dischem en dit lyk Joods, prys Duits maar dit praat Afrikaans. Dit kort ook nog net 'n orkes, want elke kerk het ook nou een. Ek het darem net gaan kyk want die skeergoed en troesou was op spessel en Pa se kleindogter Chándrèĺlęré trou alweer, hierdie keer met 'n Sjinees wat hase teel vir paais.
Ons het verder nou meer gastehuise as gaste, meer popsangers as plate, meer ministers as antwoorde en karre is visblikkies met ruimtetuigbreine, Pa wil dit nie sien nie. Te koddig vir woorde.
'n Tenk petrol kos nou wat 'n troue plus 'n trekker 'n boer sou kos op Pa se dag, meisiekinders kry koors van koring, melk is ongesond, jong mans het baarde sonder knaters, vrouens wil jou verkla as jy haar te beleefd behandel of as dame aanspreek en predikante wandel nou in sandale tussen kerkgangers wat in kortbroek en atletiekhempie in die kerk bly sit tydens gebed.
Pa sal dit nie glo nie. Vrouens dra slenterbroeke sonder hoede kerk toe. Net die Bruinmense het nog in kleredrag styl en respek vir die kerk. Ma sal van voor af hartkloppings kry en almal sal dink sy hou van die dominee se popliedjie. Maar die predikant se vrou is deesdae 'n man, sy aangenome dogter is Xhosa, hy slaan sommer oor in Engels of banjo en sy hemp is vol blomme. Geen man dra meer 'n das nie en selfs op begrafnisse blink geen skoen meer nie want ons bid nou in hardloopskoene. As Pa ons koerante daar kry sal Pa die redes verstaan.
Daar is darem nog kerkbasaars maar niemand ken mekaar nie, die pannekoek is dik genoeg vir perdekombers en die tombola het nou 'n kursus in ontkenning as eerste prys. Blomkool is nou die hoofgereg aan Sondagtafel, skottelgebraai in twee minute met flenters gansgroente, dis nou vegaans. So iets. Mens gooi sade en boonsous by en bid in vibrasies. As jy boonop 'n kristal vashou word moesies pienk en jy sout hoeka als met pienk stof uit die Hilamajas, dis organiese Aromat. Mens weet nie meer nie en as jy vra lag almal.
En ons kuier ook nie meer nie, want familie is nou so ver en vreemd met name wat klink soos parfuumsoorte maar dis oral katoolse kinders in grootmensskoene wat bleek te kere gaan soos narre vol pille. Elkeen met 'n oorfoon en 'n iepiekonner. Verder staar hulle na fone. Pa moet dit sien om dit te glo.
En Pa wil nie weet wie deesdae broekdra in die huise nie. Nee. Bangbroeke met attitude, dis moeilik om te verduidelik. 'n Tattoe is nou 'n rang en die een wat die minste weet het die eerste en die laaste sê. Oor als.



3





Wel, skoolmeisies kry babas op twaalf en matriek op 23. Dit als met vakke wat elke jaar verander en tien maal van voor af uitgedink word deur mense vir wie Pa nie in die stoor met 'n baal strooi sou vertrou nie.
Om hare te skeer moet jy deesdae drie weke vooraf bespreek, jou vakansiegeld als trek, en dan eers gaan agteroor lê sodat hulle jou kop kan bad, jou hare met kamme uit jou kopvel skeur, jou wange klap en jou bly uitvra oor jou verlede en jou voorvel. As jy uitloop het jy 'n ander geloof, voorkoms en vriendekring, dit als vir die prys van 'n tweedehandse bakkie in die dae toe Pa nog self mark toe gery

Ewenwel, ons gaan maar aan. O ja, ek wou nog sê, matriek skryf jy nou sommer by die huis en die Ma maak die vakke op en 'n ou kombuisvrou met 'n Porsche stel die vraestel saam en merk die antwoorde in 'n ander taal as joune. Dis nou beter so. Soldate kan nie marsjeer nie, links is Engels, regs Afrikaans en vorentoe is Sjinees. Dis te vreemd om te aanskou.

Die generaals sal Pa nie een van aanstel om gras te sny nie, nee, hulle sal als verbrou, eerder dagga verbou, die plaas onder jou gat uit verkoop en met die beeste huistoe vlug ver anderkant die grensdrade wat almal lankal platgetrap lê. Dis vooruitgang en betererder vir die olifante.

Pa moet maar lekker boer daar bo, ek glo die reën val altyd betyds daar




# BRIEF VAN LESER IN LONDEN

AIR MAIL PAR AVION

Ek woon naby Londen.

Ongelukkig het ek geen geskikte staaltjies vir jou nie.

Maar jou nuusbrief is uitstekend en het my al jare lank vermaak.

Ek het veral van die Weskus-stories en enigiets van Dana Snyman gehou.

Hou so aan!

Alles van die beste!

Richard Griffin









# Dié Maand se Giggels


















# SPREEKWOORDELIKS

## Ons is steeds by die letter K

**Kasarm:** Die hele kasarm (die hele klomp)

Vervorming van kaserne, 'n reeks geboue vir die huisvesting van ''n hele aantal soldate. In 1844 in Afrikaans as kazarne opgeteken.

**Kaskenades:** Kaskenades aanvang (grappe, streke aanvang)

Kaskenade is 'n vervorming van die naam van die inwoner van die Franse streek Gascogne, 'n gasconnade. Soos elke volk sy spotfiguur het, word die gasconnade van grootpratery en oordrywing beskuldig. Hy is vol streke en vertel van die goeie eienskappe wat hy nie het nie.

**Kat:** Die kat uit die boom kyk ('n afwagtende houding inneem; versigtig wees)

Dit verwys dit na die gewoonte van honde om 'n kat 'n boom in te jaag, en dan te sit en blaf en kyk tot dit weer afklim.

**Kat:** Dit reën katte en honde (daar val swaar reën)

In die Noorse kultuur het mense vroeër geglo dat die gedrag van katte en honde die weer voorspel het, en simbole van wind en reën was. As 'n kat met sy rug na die vuur toe sit, kom 'n storm aan. As hy sy gesig was, kom dit reën. As die kat ook met 'n krulstert spring, kon mens maar jou reënmeter uithang. Dieselfde psigiese talente is ook aan honde toegeskryf, en as dit dus katte en honde reën, was dit die ergste wat die diere kon voorspel. Die stormagtige noordwestewind in die Harzberge het lank die bynaam van die kat se neus gehad. In ander weergawes is die hond, net soos die wolf, die simbool van die wind.

**Kat:** 'n Kat in die sak koop ('n slegte koop doen)

Solank as wat die mens mens was, was dit in sy aard om ander te verkul, veral niksvermoedende klante. Die uitdrukking 'n kat in die sak koop is die gevolg van hierdie menslike eienskap. 'n Jong varkie is voor in die verkoper se kraampie of stalletjie aan die voornemende kopers vertoon – veral in die ou tyd op markdae waar die kopers vir die dag van heinde en ver gekom het. Daar was 'n hele paar sakkies wat klaar toegeknoop was en waarin dan vermoedelik dieselfde model as die lekker sappige, vet jong prototipe was. As jou geld reg was, kon jy net die sak vat en wegdra. Die goedgelowige koper het betaal, sy sak gevat en huis toe gegaan. Daar aangekom het hy gevind dat hy hom 'n kat in die sak gekoop het.










# ADAM TAS OP 'n BOTTEL WYN




7



# *Die Vrye Denker se 10 Gebooie*



*1. Moenie aan ander doen wat jy nie wil hê hulle aan jou moet doen nie en streef in alle dinge daarna om geen skade te berokken nie.*

*2. Behandel jou medemens, jou mede-lewende wesens en die wêreld in die algemeen met liefde, eerlikheid, getrouheid en respek.*

*3. Moenie kwaad miskyk of wegskram van die toediening van geregtigheid nie, maar wees altyd gereed om oortredings vryelik te erken en eerlike berou te vergewe.*

*4. Leef die lewe met 'n gevoel van vreugde en verwondering en probeer altyd om iets nuuts te leer.*

*5. Toets alle dinge; Kontroleer altyd jou idees teen die feite en wees gereed om selfs 'n gekoesterde geloof te laat vaar as dit nie daaraan voldoen nie. Bevraagteken alles.*

*6. Moenie diskrimineer of onderdruk op grond van geslag, ras of – sover moontlik – spesies nie.*

*7. Moet nooit probeer om jouself te sensureer of af te sny van onenigheid nie; Respekteer altyd die reg van ander om nie met jou saam te stem nie, maar vorm onafhanklike menings op grond van jou eie rede en ervaring; Moenie toelaat dat jy blindelings deur ander gelei word nie.*

*8. Moenie enige kinders indoktrineer nie. Leer hulle hoe om vir hulself te dink, hoe om bewyse te evalueer en hoe om nie met jou saam te stem nie.*

*9. Stel altyd jou reëls op asof jy nie weet of jy bo of onder in die pikorde gaan wees nie.*

*10. Waardeer die toekoms op 'n tydskaal baie langer as jou eie.*


**Ingestuur deur Cecelia Jacobs van Onrusrivier**




# POEDINGS POEDINGS POEDINGS



Annabelle is van mening meeste van hierdie poedings is basies maar net malva poeding met ‘n effe ander bymiddel. Die geheim vir my is of mens die verskil sal agterkom. Ek is bereid om te kom proe as iemand dalk ‘n toetsreeks wil doen en die hele klomp gelyk maak en dan voorsit vir tongtippietoetse.
Hoe lyk dit? Enige vrywillige sjefs hier naby Onrusrivier?



## Predikantsvrou Poeding

Deeg:

3 E botter/margarien
1 K suiker
1 eier
1 K koekmeel
1 K melk
1 t vanielje
2 E goue stroop
1 t koeksoda
knippie sout

Metode Meng alles saam in 'n oondskottel met 'n deksel. Bak vir 'n 3/4 uur op 180°C.
Wanneer gaar gooi 'n klein blikkie Ideal melk bo-oor warm poeding.
(Indien jy nie Ideal melk in die huis het nie, kook saam
1/2 K melk, 2 E suiker en 1 t margarien – net so lekker bo-oor.)

Self Sufficiency vir n Arm Gat



# A G T E R O S

## Net voor uitspantyd

# PUNTENERIGHEID

Ek vat Saterdag my susterskind lughawe toe om by sy ma-hulle te gaan kuier, en onthou die oggend in **1990** wat ek vir manlief by die lughawe moes aflaai en by die verkeerde parkeerarea inry.




Om die hele prentjie in perspektief te plaas, moet ek seker eers vertel wat gekrap het waar dit op daardie stadium nié gejeuk het nie... My ondervinding met Murphy is dat sy wet 'n blikskottelse ding is... Hoe minder jy dit kan bekostig om laat te wees, hoe makliker sal jy verslaap. As jy wel betyds opstaan, sal jy 'n pap wiel ontdek of jou sleutels soek tot jy laat is – enigiets, solank jy net nie betyds kom waar jy wil wees nie.

Dié betrokke oggend het heel normaal begin – wat normaal ook al is! Ons is almal in die motor, reg om te ry – via die lughawe voor die kinders by die skool afgelaai moet word, want om hulle al 6vm by die skool te gaan los werk nie in my boeke nie! Halfpad op pad lughawe toe onthou manlief hy't sy kaartjie op die eetkamertafel neergesit om as laaste ding te vat en dit was toe nie die laaste ding wat gebeur het nie! Omgedraai in die reeds groeiende verkeer en die vervloekste kaartjie gaan haal, want daar het ons dinge begin fynsny.
Terug op pad was die toename in motors voor ons opvallend. Almal wat agter ons was, is nou skielik aan die ander kant en ons aan die verkeerde kant. Die seuns het die geharwar en gejaag baie snaaks gevind en bly giggel soos twee tienermeisies.

By die lughawe gekom met nog so 7 minute te spaar voor daar ingeweeg moet word, in plaas van net deurry om hom af te laai, draai ek per ongeluk by die parkeerterrein in. Met al die motors agter my is daar nie 'n manier wat ek die taxi-troef kan gooi en agteruit probeer inkom by die regte plek nie, so ons druk maar deur. Dit was nie drie minute later wat ek terugkom en by die betaalhokkie (dit was mos nou voor die outomatiese betaalpunte van deesdae - desjare was dit nog by die hek) stilhou en die strokie vir die ou in die hokkie gee nie.


Ek begin verduidelik dat ek net my man afgelaai het, hy kan maar kyk na die tydstempel, maar dit word eenvoudig geïgnoreer asof ek glad nie gepraat het nie, en die hand word uitgesteek "One rend feefty pleeze".

Terwyl ek in my handsak rondskraap vir die bedrag, onthou ek dat ek die vorige dag my kleingeld in die handsak gebruik het vir melk, en net 'n R100 noot het. Hardkoppig besluit ek dat dit verdomp nie gebruik gaan word nie - die asbakkie tussen die sitplekke voor het altyd muntstukke in - dit behoort die bedrag te dek, maar dit sal getel moet word. Intussen is die motors agter my aan't aanteel soos 'n klomp hase in 'n lusernland, maar ek steur my min daaraan.

Skakel die kar af (tot 'ta se grootste ontsteltenis!) en begin die muntstukkies op 10c hopies opstapel...
Met die derde hopie amper by 40c onderbreek hy my met 'n "It's OK - you can go" en hy lig die arm van die hek op. Ek gooi hom egter ŉ dowe, ignoreer hom soos ŉ stopstraat. Met 'n handjie wat verontwaardig gewaai word in die laspos se algemene rigting, laat ek die twee kinders (wat nog by die skool moet kom) ook help om hopies te maak.

Die hele proses het seker nie langer as 3 minute gevat nie, maar vir die ou in die hok het dit seker soos 'n leeftyd gevoel. Die toeters wat aangaan en ek wat oënskynlik kalm en bedaard sit en tel om my geld op hopies te kry. Ek moet erken - die bevrediging om hom net soveel te frustreer as wat hy my frustreer het, was dit werd!
Net om die ou se dag heeltemal te maak, het ek 'n 20c tip ingesluit.

So met die verby ry groet ek, "*VOLGENDE KEER GAAN JY DALK EERS LUISTER!?"*



FLUIT FLUIT!